# DIE STRYD VAN DIE DUITSER
# OM DIE BEHOUD VAN SY EIE
# OP DIE GEBIED VAN DIE SKOOLWESE
# IN SUIDWES-AFRIKA

deur

DANIëL PETRUS JACOBUS OPPERMAN, B.A., B.Ed.

VERHANDELING VOORGELê TER
GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN
DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

M A G I S T E R E D U C A T I O N I S

in die

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

LEIER: PROF. A. G. COETSEE.

GOBABIS.
Januarie 1968.

# VOORWOORD.

Suidwes-Afrika is 'n jong land met 'n ryk geskakeerde geskiedenis. Hierin het die Duitser 'n belangrike rol gespeel veral ook wat betref sy stryd om die behoud van sy taal en kultuur. Gedagtig aan die Afrikaner se C.N.O.-stryd het ek reeds etlike jare aangetrokke gevoel tot 'n ondersoek van die Duitssprekende se pogings om wat sy eie is te handhaaf en uit te bou.

Verskeie navorsers het sekere aspekte van hierdie saak in die verlede aangeraak, maar die veld is nie vantevore in sy geheel so ondersoek nie. In hierdie verhandeling word die stryd van die Duitssprekende op die gebied van die onderwys in perspektief gesien teen die agtergrond van faktore en invloede waaraan dit op bepaalde tye onderworpe was. Daarmee wil ek vertrou dat 'n beskeie bydrae tot die Historiese Opvoedkunde gelewer is.

Sekondêre en primêre bronne is geraadpleeg, die gegewens aangestip, sistematies verwerk en bepaalde afleidings gemaak.

Die inkleding van die stof is beïnvloed deur die historiese verloop van gebeurtenisse. Hoofstuk I bevat agtergrondstudie van Suidwes-Afrika as 'n Duitse kolonie terwyl Hoofstuk II die toestande onder die vroeë besettingsmagte tydens die Eerste Wêreldoorlog skets. In Hoofstuk III word gehandel oor die gebeurtenisse gedurende die Mandaattydperk en Hoofstuk IV dek die stryd om gelykberegtiging na die Tweede Wêreldoorlog. Die Duitse stelsel in privaatskole word aangeraak in Hoofstuk V gevolg deur 'n samevatting van die resultate van die stryd in Hoofstuk VI.

Graag rig ek 'n woord van opregte dank aan vriende en kollegas wat op talle maniere behulpsaam was.

Besondere/

Besondere dank aan Pastor Milck vir die goeie gesindheid om my 'n insae te gee in 'n spesifieke deel van die oorspronklike Duits-Evangeliese Sinodale notules waarby ek uit die aard van hierdie werk belang gestel het.

My hoë waardering aan die Direkteur van Onderwys, dr. J. T. van Wyk, vir sy belangstelling en die feit dat sekere gegewens persoonlik deur hom of ons hoofkantoor aan my beskikbaar gestel is.

As dit nie vir die aanmoediging en rigtinggewende advies van prof. B. C. Schutte was nie, het hierdie verhandeling waarskynlik heel anders daar uit gesien. Nadat ek onder sy leiding begin het, het ek op grond van die historiese aard van die werk, en op sy aanbeveling, oorgeskakel na prof. A. G. Coetsee wat gewillig was om as leier op te tree. Hulle hulp word baie hoog op prys gestel, in die besonder dié van prof. A. G. Coetsee wat bereid was om soms op baie ongeleë tye my te woord te staan en van kosbare raad te bedien.

Laastens my dank aan God die Allerhoogste wat my hiertoe begenadig het.

Die Skrywer.

GOBABIS.
Januarie 1968.

## DUITSE BENAMINGS MET BETREKKING TOT SKOOLSTANDERDS.

Aangesien die Duitse Skoolstelsel ook sy eie kenmerkende benamings gebruik het voordat daar oorgeskakel is na die Suid-Afrikaanse stelsel, word hieronder enkele opmerkings ter verduideliking aangestip.

Die elementêre laerskoolkursus sluit die "vier Jahre Grundschule" in, dit wil sê die Standerds A - 2 in die Staatskool. In die daaropvolgende standerds geld onderstaande benamings:

| | | |
|---|---|---|
| Sexta | : | Standerd 3 |
| Quinta | : | Standerd 4 |
| Quarta | : | Standerd 5 |
| Untertertia | : | Standerd 6 |
| Obertertia | : | Standerd 7 |
| Untersekunda | : | Standerd 8 |
| Obersekunda | : | Standerd 9 |
| Unterprima | : | Standerd 10 |
| Oberprima | : | Standerd 11 (of die Dertiende skooljaar) |

Oberprima bied geleentheid vir die Reifeprüfung wat as dit suksesvol afgelê is, toegang verleen tot Abitur. Kandidate wat die Abitureksamen geslaag het, het dan vrystelling tot die Duitse Universiteite. Die Realschule en die Gymnasium is albei tipes hoërskole, akademies van aard, wat die weg baan na Abitur.

## ENGLISH ABSTRACT.


## THE STRUGGLE OF THE GERMANS IN SOUTH WEST AFRICA TO RETAIN THEIR OWN IN THE FIELD OF EDUCATION.

Since 1904 the German authorities realised that schools could be implemented as strategic bases for strengthening the ties with the German Reich and neutralizing the influence of Dutch Colonists to such an extent that they could eventually be incorporated in the "Deutschtum". (German nationhood).

World War 1, however, intervened. South West Africa became Mandated Territory under supervision of South Africa. The attempt of the Administration to take over all German schools and hostels in 1920 was opposed by the "Landesverband", who required mother tongue instruction and teachers from Germany.

After lengthy discussions and negotiations only five schools preferred to carry on as private institutions while the others became part of the Government System which offered mother tongue instruction till Std. 6 and German as subject in all other standerds. Private schools were not aided by the State and the Schulvereine experienced grave financial and accommodation difficulties.

According to the London Agreement 1923 the Administration undertook to subsidise the schools at Windhoek and Swakopmund and their hostels. This concession was extended to Primary Schools in 1925 and was followed by more favourable grants until 1937.


In ......... /

In 1940 the Joint Matriculation Board allowed candidates to offer: (1) German Higher Grade (2) English Lower Grade (3) Afrikaans Lower Grade. The other three subjects selected according to existing regulations could be answered in German.

German members of the Legislative Assembly wanted German as a third official language but failed. With the rise of National Socialism in Germany its influence was also directed to South West Africa. It infiltrated schools and Youth Movements with the result that the Hitlerjugend was banned in 1934.

After the War Proclamation No. 36 of 1945 deprived the Germans of all the privileges which they had enjoyed. The struggle was renewed. In 1950, however, the National Party came into power and requests by the German Community were favourably considered. Several Commissions of Enquiry were appointed and their reports led to the re-establishment of German sections in Government Schools where mother tongue instruction was allowed till Std. 4 and later Std. 5. Subsidies were granted to private schools under certain conditions.

Today there are eight German Medium Sections in Government Primary Schools apart from two separate German Primary Schools at Tsumeb and Otjiwarongo. At the appropriate time facilities for German Medium instruction till Std. 8 will be provided at Swakopmund High School. Two more

German .... /

German Primary Schools will be established at Swakopmund and Windhoek in the near future.

Since 1963 the Joint Matriculation Board has allowed candidates to offer German on the Higher Grade, one of the official languages on the Higher Grade and one on the Lower Grade. The Board however accepted a pass on the Lower Grade in both official languages if all other regulations were observed.

It is evident that the former strife and struggle has entered a phase of peaceful co-operation where requests can be calmly debated. A feeling of mutual respect is uniting the three main cultural groups in a spirit of common loyalty to South West Africa and its people.

----oOo----

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### ONDERWYSTOESTANDE VOOR DIE EERSTE WêRELDOORLOG


A. Historiese Agtergrond .......................... 1

B. Sporadiese oprigting van skole sedert 1896 ....... 2

C. Eerste regulasies in sake skoolplig ............. 4

a. Die gevaar van vervreemding .................. 4

b. Invloed van Hollands-Afrikaanse immigrante ... 8

D. Stand van Onderwys voor 1914 .................... 12


## HOOFSTUK II

### DIE TYDPERK ONDER MILITêRE BEWIND


A. Toestande onder die vroeë besettingsmagte ....... 15

B. Implikasies van die vrede van Versailles ........ 17

C. Stappe tot oorname van Duitse Skole ............. 19

D. Reaksie teen die aangekondigde besluite ......... 21


## HOOFSTUK III

### DIE MANDAATTYDPERK


A. Onderhandeling met die Owerheid ................. 28

B. Voortsetting van die stryd in Duitse privaatskole ........................................ 36

a. Die stryd in laerskole ....................... 38

b. Die stryd in hoërskole ....................... 41

C. Gevolge van die besluit ......................... 44

D. Instelling van Abitur ........................... 49

E. Verwikkelinge op die politieke front ............ 52

a. Agitasie vir Duits as derde ampstaal ......... 53

b. Tekens van verset ............................ 57

c. Openlike propaganda .......................... 60

F. Die Tweede Wêreldoorlog ......................... 64

## HOOFSTUK IV

### DIE STRYD OM GELYKBEREGTIGING

A. Opskorting van bestaande regte .................. 65

B. Pleidooi van die Duitse bevolking .............. 66

C. Duitse onderwysregte in die party-politiek ...... 68

D. Opdragte en verslae van verskillende onderwyskommissies ......................................... 73

a. Kommissie van 1950 ......................... 73

b. Kommissie van 1956 ......................... 77

c. Kommissie van 1958 ......................... 79

d. Beleidsbepaling op grond van kommissieverslae ................................... 82

E. Moedertaalonderrig tot St. 8 ................... 84

F. Samevatting .................................. 87

## HOOFSTUK V

### DIE DUITSE STELSEL IN PRIVAATSKOLE

A. Skoolkomitee: Verkiesing en werksaamhede ....... 89

B. Personeel : Werwing, aanstelling en diensvoorwaardes ........................................ 93

C. Skoolprogram : Leerplanne, skoolkalender en skoolweek ........................................ 95

D. Finansiëring van privaatinrigtings .............. 97

a. Koshuise .................................. 97

b. Skoolgelde ................................ 98

c. Staatsubsidie ............................. 98

d. Ondersteuning van Bondsrepubliek ............100

e. Ander middele .............................102

## HOOFSTUK VI

### SAMEVATTING EN SLOT

A. Resultate van die stryd ....................... 104

a. Periode voor die Eerste Wêreldoorlog ....... 104

b. Periode tussen die Eerste en Tweede Wêreld-oorloë ........ 105

c. Na die Tweede Wêreldoorlog ........ 106

B. Bydrae op Onderwysgebied ........ 123

(i) Die Duitse Taal ........ 123

(ii) Die Dertiende skooljaar ........ 123

(iii) Opleiding van koshuispersoneel ........ 128

(iv) Die Duitse onderwyser ........ 129

C. Toekomsbeeld en slot ........ 132